# HEMELVAART en WEDERKOMS

**Maandag 23 Mei 2022**

**Hand 1:9-11; Open 14:14-20**

**9** "Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem,
sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. **10** Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel
kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. **11** Dié sê toe vir hulle: "Galileërs,
waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe
opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."

Eerskomende Donderdag 26 Mei vier ons Hemelvaartsdag.

**Wat is Hemelvaart?**

- Dit is die dag waarop Jesus, seënend met 'n wolk opgevaar het na die hemel.
- Dit is die dag waarop Jesus triomferend, as oorwinnaar, as ons Koning opgevaar het na die hemel.
- Dit is vir ons 'n baie belangrike dag, want dit is die dag waarop Jesus sy versoeningswerk op aarde voltooi het.

**Maar wat beteken die Hemelvaar vir ons?**

- Jesus het opgevaar na die Hemel om 'n werk te gaan doen.
- Hy het opgevaar om aan die regterhand van God te gaan sit en vir ons in te tree by ons Hemelse Vader.
- Hy het opgevaar omdat Hy ten volle vir ons sondes betaal het, sodat ek en jy op aarde die lewe ten volle kan geniet, tot die eer van God.

**Maar Jesus is nie weg en ver van ons af nie.** Nee, want ons lees in **Mat 28:20b** dat Jesus sê:

**"Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."**

**Jesus is by ons ook omdat Hy waarlik self God is en omdat Hy ALOMTEENWOORDIG is.** Dit beteken dat Hy as God altyd orals is. Alhoewel Hy opgevaar het na die hemel is Hy ook nou by elkeen van ons, van sy kinders hier op aarde. Hy laat ons nooit alleen nie.

Maar daar is ook 'n groot troos in sy hemelvaart. In **Hand 1:11** lees ons twee engele het gesê:

**"Hierdie Jesus sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."**

Ons hoor hier hoedat die engele openbaar dat Jesus met die wolke weggevoer is hemel toe en terselfdertyd dat Hy net so met die wolke sal terugkom. Die hemelvaart veronderstel die wederkoms.

- Tydens die hemelvaart het Jesus weggevaar.
- Tydens die wederkoms kom Jesus terug.

**Ons moet hemelvaart nie sien as net nog 'n gebeurtenis in die christelike kalender nie.**

- Ons moet dit sien as die oorwining en voltooiing van Jesus se versoeningswerk op aarde.
- Dit beteken dat Hy vir ons gaan plek voorberei in die hemel.
- Hy is nou daarmee besig.
- Maar Hy is terselfdertyd hier by ons op aarde, besig om as die Hoof van die kerk ons ook te lei.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***